

## **NOTULE VAN DIE MAANDVERGADERING GEHOU OP 14 NOVEMBER 2011 BY DIE JOHOTTO NASKOOLSENTRUM, LES MARAIS.**

**Voorsitter**  
SH Erasmus  
Tel 0836349638

**Sekretaris**  
HB Groenewald  
Tel (012) 6547438  
of 0834694349  
E-pos :herman.groenewald@lantic.net  
Faks: 0867508692

**Tesourier**  
LC De Jager  
Tel 012 6547420

### **1.0 Opening**

1.1 Loutjie De Jager open met gebed waarna die Voorsitter almal teenwoordig welkom heet.

### **2.0 Teenwoordig.**

2.1 SH Erasmus (Voorsitter), HB Groenewald (Sekretaris), LC De Jager (Tesourier), JJ Champion, DD Fourie, NL Greyling, DWJ Jacobsz, MT Mey, WA Smit, I Weyer en LE Weyer.

2.2 Verskoning:  
C Snyman, F Du Preez, B Grobbelaar, RM Heunis en P Serfontein.

### **3.0 Nuwe lede.**

3.1 Geen nuwe aansoeke is ontvang nie.

### **4.0 Lief en Leed**

4.1 Die volgende lede herdenk hul geboortedag gedurende November en Desember en gelukwense word aan hulle oorgedra:  
Sias Spangenberg (22 November) en Ingrid Weyer (30 Desember).

4.2 Kennis word geneem dat Robert Heunis gehospitaliseer is en dat van sy tone ge-amputeer is. Hy is tans nog steeds in die hospitaal en spoedige en algehele herstel word hom toegebid.

4.3 Chris Snyman was ook in die hospitaal opgeneem waar een van sy tone ge-amputeer is. Sy eggenote het haar been gebreek en is tans nog in die hospitaal. Spoedige en algehele herstel word beide toegebid.

### **5.0 Fondsinsameling.**

5.1 Die lede van Red Factor Kanaries is verantwoordelik vir die maandelikse fondsinsameling by die Januarie maandvergadering.

5.2 Kennis word geneem dat 'n bedrag van R878,00 nog deur twee lede tov ringe verskuldig is.

### **6.0 Bevestiging van notule van vorige vergadering.**

6.1 Die notule van die Oktober 2011 maandvergadering word goedgekeur. Voorgestel deur Les Weyer en gesekondeer deur TW Mey.

### **7.0 Sake voortspruitend.**

#### **7.1 Rosette.**

7.1.1 Aangesien daar geen vordering tot op hede gemaak is om te bepaal hoeveel gelde deur die Gloster en Posture Kanarie Klub verskuldig is tov rosette wat vir die Winterskou wat gedurende 2010 aangekoop is nie, word daar besluit dat 25% van die bedrag van R2 345 wat deur hierdie klub betaal is van hulle verhaal word. Die bedrag verskuldig beloop derhalwe R587,00 en 'n paslike skrywe aan hierdie verband sal aan die klub gerig word.

#### **7.2 Advertensie vir items te koop/verkoop.**

- 7.2.1 Daar is geen items te koop nie.
- 7.3 Webruimte. (www.pcbc.co.za)**
  - 7.3.1 Lede word aangemoedig op die webruimte te besoek.
- 7.4 Winterskou (22/23 Junie 2012)**
  - 7.4.1 Die skoukomitees van die vier klub sal vroeg gedurende Januarie 2012 moet vergader om die skou reëlings in plek te kry.
- 7.5 Jongvoëlskou. (5 Mei 2012).**
  - 7.5.1 Die saak staan oor.
- 7.6 Nasionale Skou 2013.**
  - 7.6.1 'n Beroep word op lede gedoen om die lyste so gou doenlik te voltooi en terug te besorg.
- 8.0 Finansiëleverslag.**
  - 8.1 Die finansiëlestaat vir Oktober 2011 word ter tafel geneem en goedgekeur.
  - 8.2
- 9.0 SANCBA.**
  - 9.1 Die notule van die vergadering gehou op 3 November 2011 is ontvang en kennis word geneem van die volgende aspekte:
    - 9.1.1 Die Raad het geen beswaar teen die versoek dat die notule van die Raad op die webuimte van hierdie klub geplaas word nie. Indien die klub 'n bykomende notule vir hierdie doel verlang, is 'n bedrag van R25,00 per jaar betaalbaar ooreenkomstig 'n Konferensiebesluit. Daar word besluit dat die notule wat deur die Sekretaris ontvang word, vir hierdie doel aangewend sal word.
    - 9.1.2 Kennis word geneem dat die Raad die vertoë deur Sias Spangenberg goedgekeur het dat Rassie Erasmus na sy Gloster Kanaries kan omsien tydens sy verblyf in Botswana tot die einde van 2012 met die vestandhouding dat hy nie gedurende 2012 as beoordelaar by enige skoue sal optree nie.
    - 9.1.3 Die skoudatums vir 2012 is goedgekeur en gaan hierby as aanhangsel.
  - 9.2 'n Gewysigde beoordelaarslys is ontvang asook wysings tot die Blou Boek. Die wysigings vir die Blou Boek kan by die Sekretaris afgehaal word. Die wysigings sal aan lede met e-pos adresse gestuur word.
- 10.0 NRCBA.**
  - 10.1 Die volgende vergadering vind plaas op 17 November 2011.
- 11.0 Korrespondensie.**
  - 11.1 Geen korrespondensie is ontvang nie.
- 12.0 Algemeen.**
  - 12.1 Ringbestellings.**
    - 12.1.1 Daar word besluit dat alle ringbestellings in die toekoms slegs aanvaar sal word na betaling van die gelde verskuldig.
  - 12.2 Ringe.**
    - 12.2.1 Daar word kennis geneem dat die gehalte van die ringe wat deur AC Hughes van England vervaardig word van 'n baie beter gehalte is as dit wat plaaslik gedoen word. Die moontlikheid om ringe eerder in te voer sal ernstig oorweeg moet word. Die koste van die ingevoerde ringe is egter heelwat duurder as die plaaslike produk.
  - 12.3 Jaareindfunksie.**

- 12.3.1 Daar word besluit om gedurende Februarie 2012 die klub se jaarfunksie by die woning van Buks Grobbelaar te hou. Die trofee verwerf deur lede by die Jongvoëlskou sal ook by die funksie oorhandig word. Die saak sal by die Januarie 2012 maandvergadering gefinaliseer word.
- 12.3.2 Daar word ook besluit om die Jaareindfunksie van die klub voortaan gedurende Augustus te hou.

**13.0 Maandelikse aktiwiteite**

- 13.1 'n Algemene bespreking oor die "swart kol" wat by kanaries voorgekom het, word bespreek.

**14.0 Afsluiting.**

- 14.1 Die vergadering verdaag om 20:45.
- 14.2 Die volgende vergadering vind plaas om 19:00 op 16 Januarie 2012.

SH Erasmus  
**Voorsitter**  
16 Januarie 2012.

HB Groenewald  
**Sekretaris**